



Hoofstuk Een

Die eerste keer toe Whitney 'n seun gesoen het, het dit vir haar gevoel of 'n reuse-brander oor haar spoel. Sy het so oorweldig gevoel - sy het nie geweet wat om te doen of te sê nie. Sy het dus maar niks gesê nie en haar net laat meevoer. Sy sou daardie dag nooit vergeet nie ...

Dit het op 'n Woensdagmiddag laat in Februarie gebeur, tydens 'n interskole-atletiekbyeenkoms. Whitney was 13 jaar oud en in graad 7. Op Valentynsdag het sy 'n kaartjie ontvang van Lucky, 'n regte *igatya lomfana* - 'n regte *hunk* van 'n ou - en 'n hoërskool-ou nogal. Hy was reeds 16 en het gesê hy is in graad 10, maar sy het geweet hy is eintlik net in graad 9, omdat haar vriendin, Lindiwe, se ouer suster, Zola, in Lucky se klas was. Lucky se leuentjie het Whitney nie gepla nie. Hy was altyd so 'n bietjie geheimsinnig en dit het haar juis na hom toe aangetrek. Sy het byvoorbeeld geweet dat Lucky nie sy regte naam was nie, maar hy het geweier om vir haar te sê wat dit was. Vir almal was hy net Lucky. Daarom het sy maar net gedroom wat sy regte naam miskien kon wees, en in haar verbeelding het sy name uitgedink waarvan sy gehou het.

Sy het van hom gehou. Sy het dit nie vir hom gesê nie - sou dit ook nooit aan hom erken nie - maar sy het sommer baie van hom gehou. Vroeër het sy nooit van ouens gehou nie, maar die afgelope jaar het iets binne haar verander. Miskien was sy besig om groot te word. Of miskien was dit omdat hy van haar gehou het. Dit was duidelik dat hy op haar

verlief was en dit het haar spesiaal en aantreklik laat voel. Miskien was sy tog mooi. Eendag sou sy 'n pragtige vrou wees en alle mans sou haar wou hê.

Sedert Valentynsdag het sy Lucky byna elke dag op pad skool toe en terug gesien, wanneer sy verby sy skool stap. Hy het haar al twee keer gevra of hy saam met haar kon huis toe stap, maar sy het verduidelik dat dit haar in die moeilikheid sou laat beland. Iemand sou hulle miskien sien en vir haar ma gaan sê, het sy geredeneer. Die ergste sou wees as juffrou Pillay hulle sien. Sy was Whitney se gunsteling-onderwyseres en sy sou haar nooit wou teleurstel nie.

Whitney het nie vir Lucky gesê dat sy ook net so 'n klein bietjie senuweeagtig was nie. Haar ma het haar daarteen gewaarsku om alleen saam met seuns te wees. Sy het nooit verduidelik waarom nie, maar sy wou niks daarvan weet dat Whitney iewers alleen saam met 'n seun gaan nie. Whitney het aanvaar dat haar ma haar teen *tsotsi's* wou beskerm - teen ouens wat haar kwaad kon aandoen. Maar Lucky was nie so nie - vir haar was hy 'n oulike, sjarmante, vriendelike ou wat haar gereeld laat lag het. Die blote gedagte daaraan om alleen saam met hom te wees was opwindend, en tog het dit haar terselfdertyd bangerig laat voel. Sy was 'n bietjie senuweeagtig, maar sy wou so graag meer tyd saam met hom deurbring, sy arms om haar voel.

Die atletiekbyeenkoms het hulle uiteindelik kans gegee om saam te wees. Dit is op die sportveld van Lucky se hoërskool gehou, omdat Whitney se skool, die Thembalethu-Laerskool, nie oor die geskikte geriewe beskik het nie. Hulle enigste sportveld was 'n stowwerige stukkie aarde met

skewerige, tuisgemaakte doelpale aan weerskante. Dié nederige sokkerveld was boonop hulle speelterrein pouses, met die gevolg dat daar skaars 'n grassprietjie daarop oor was. By Thembaletu-Hoër was daar darem ten minste 'n bietjie gras op die veld, en twee paviljoene wat aan weerskante daarop uitgekyk het. Die skool het vroeg uitgekom sodat die atletiek om twaalfuur kon begin, en Lucky het gereël om haar om twee-uur agter die hoofpaviljoen te ontmoet. Toe sy uiteindelik kon wegglip van haar vriende af, het hy al vir haar gestaan en wag. Sy gesig het verhelder toe hy haar sien.

"Yiz' apha - kom hierlangs," het hy in 'n fluisterstem gesê.

"Ek wil jou my geheime plek gaan wys!"

"Nog geheime," het Whitney giggelend gedink, maar niks gesê nie en net agter hom aangeloop weg van die paviljoen af na 'n klein geboutjie wat soos 'n pakkamer gelyk het. Daar was net een deur, aan die kant van die gebou.

"Stukkende sporttoerusting," het Lucky verduidelik, terwyl hy 'n sleutel uit sy sak haal. "Niemand kom ooit hier nie."

"Hoe het jy die sleutel in die hande gekry?" het sy verbaas gevra en senuweeagtig rondgekyk.

"Maklik. Ek moes iets vir *uGoofy* - Ou Goofy - gaan haal en toe memoriseer ek eenvoudig die nommer van die sleutel wat hy vir my gegee het. Toe't ek dieselfde sleutel by daai slotmaker-winkel gaan koop - vir vyf rand! Maklik soos dit."

"Wie's Ou Goofy?" wou sy weet.

"Die atletiekafrigter. Hy's ook my *isiXhosa*-onderwyser, maar almal noem hom net *uGoofy*, omdat ... wel, jy kan seker raai hoekom."

Hy het 'n ligskakelaar gedruk en sy het hom binnetoe gevolg. Dit was duidelik 'n pakkamer vir ou toerusting - sy kon

stukkende hekkies, pap sokkerballe en 'n hoop geskeurde gimnastiekmatte sien rondlê. Whitney se maag het skielik begin draai - van opwinding en van spanning. Sy het nie mooi geweet wat sy volgende moes doen of sê nie.

"Wat's fout, *ntombi*? Jy lyk so *tense*. Wil jy dan nie by my wees nie?" Lucky het oor sy skouer na haar gekyk, terwyl hy die deur toedruk.

"Ek wil. Dis net ... uhm ... wat gebeur as iemand ons hier kry?"

"*Ungoyiki, baby*. Daar's niks om voor bang te wees nie. Uiteindelik kan ons alleen saam wees. Dis mos wat jy wil hê, is dit nie? Anders sou jy mos nie nou hier gewees het nie," het hy gesê terwyl hy haar hand vat en haar nader trek.

"Ja, maar ..."

"Sjjjj, *baby*." Hy het sy vinger liggies op haar lippe gesit. "Ontspan net. Kom ek wys jou hoe lief ek vir jou is."

Whitney se maag het nou bollemakiesie geslaan en haar asem het begin jaag. Wat was hy van plan om te doen? Sy wou so graag gesoen word - 'n seun het haar nog nooit vantevore gesoen nie. En Lucky was so aantreklik, so gewild. Dit het so lekker gevoel om saam met hom gesien te word en om deur hom begeer te word. Sy het niks gesê nie en net gewag op wat hy volgende sou doen.

Hy het sy gesig nader aan hare gebring en haar saggies op die mond gesoen. Sy het sy asem teen haar wang gevoel, sy warm lippe teen hare. Sy kon die geur van sy deodorant ruik - of was dit naskeermiddel? Sy het haar asem 'n oomblik opgehou. Was dit regtig besig om te gebeur? Sy het nog nooit vantevore so gevoel nie - so asof sy sweef. Sy het dit skaars agtergekom toe hy haar saggies terugdruk op die hoop

gimnastiekmatte.

Hulle het op hulle sye gelê, hulle gesigte na mekaar toe gedraai. Hy het nog nie opgehou om haar te soen nie. Sy een arm was om haar middel, en na 'n rukkie kon sy voel hoe hy sy hand oor haar rug laat afgly ondertoe, na haar boude toe. Haar hart het wild geklop, soos 'n trom waaroor sy geen beheer gehad het nie. Sy het haar oë toe gehou en die intieme aandag soos 'n spons ingedrink.

Toe het sy begin wonder - waarheen sou dié soen lei? Hoe sou dit voel om aan hom te raak? Wat sou sy doen as hy haar lyf nog verder begin verken met sy hande? Sou sy hom keer? Sy het nie gedink sy sou nie - sy aanraking was so ongelooflik. Sy het nog nooit vantevore so gevoel nie. Maar was dit reg? Haar gedagtes en emosies het nog vinniger as haar hart gejaag. Miskien was sy nog nie reg hiervoor nie. Miskien was dit net te veel, te vinnig, te gou. Nog steeds het sy niks gesê nie.

Skielik was daar 'n klik-geluid en die deur het oopgeswaai. Whitney het na haar asem gesnak en soos blits opgevlieg. Lucky het nog half gesit-lê toe juffrou Pillay se teenwoordigheid die vertrek vul.

"Wat is hier aan die gang?" Juffrou Pillay het om die beurt na Whitney en Lucky gekyk.

"Whitney? Tog nie jy nie? Wat gaan hier aan?" het sy streng gevra, duidelik verras. Haar stem het glad nie geklink soos die vriendelike, verwelkomende stem waarmee sy in die Afrikaans-klas praat nie. En tog kon Whitney die besorgdheid in haar onderwyseres se oë sien.

"Ja, Juffrou ... niks nie, Juffrou ... Ek ... ek's jammer, Juffrou," het sy geprewel, terwyl sy haar rok met haar hande

probeer gladstryk. Sy het nooit gedink iemand kan binne 'n oomblik so warm voel en dan skielik so koud nie.

"Ons het net ge ... ge ... uhm ... net 'n p-p-paar hekkies kom haal," het Lucky begin sê, maar juffrou Pillay het hom onderbreek.

"Moenie vir my jok nie, jong man. Hierdie hekkies is stukkend en boonop word leerders nie in hierdie pakkamer toegelaat nie. Is jy besig om misbruik van hierdie meisietjie te maak? Waarmee was julle twee besig?"

"N-N-Nooit, Juffrou, ons ... ons is net vriende en ons het niks gedoen nie," het Lucky gestamel en grond toe gekyk.

Whitney het nie geweet waar om te kyk nie en het stilletjies gewens die aarde wil haar net daar op die plek insluk. Die hittegloed wat skielik in ysige koue omgesit het, was nou weer net so erg terug en sy het gewonder of juffrou Pillay kon sien hoe sy van skaamte gloei. Dit was soooo vernederend!